

Maandag 6 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 12:1-8

Fokusgedeelte: Romeine 12:1

God het jou gevind, gee jousef weg – vir Hom

Paulus skryf aan mense “vir wie God liefhet en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort” (Rom. 1:7). Dit is vir ons oor wie God Hom ontferm het; ons wat deur wedergeboorte en geloof deel gekry het aan Christus ná sy lewensoffer wat ons losgekoop het van God se allerverskriklikste ewige straf op ons sonde.

Ons wat in Christus glo, is nie meer kinders van die duiwel nie, ons is nie meer verslaaf aan die sonde, verleiding van die wêreld en van ons eie sondige natuur nie. Ons sing die lied saam: “Ek was verlore, is gevind; ek was vervreemd, is nou u kind – hoe groot is u genade!”

Ons behoort nou aan Christus wat ons met sy bloedoffer gekoop het, en dit moet in ons lewens sigbaar word. In ons woorde moet mense kan hoor en in ons optrede moet hulle kan sien aan Wie ons behoort. Ons kan nie meer doen wat ons graag wil nie, skryf Paulus in Galasiërs 5:17, ons moet ons deur die Gees laat lei.

En gedring deur die Gees roep Paulus ons om onself weg te gee aan God. Hy het jou reeds gekoop, jy is klaar syne – en daarom pas dit tog dat jy dit sal uitleef. Dit is nie iets waarvoor jy kan besin en dan besluit of jy sal of nie. As jy aan God behoort, dan gee jy jousef aan Hom, as jy jou nie aan Hom gee nie, dan behoort jy nie aan Hom nie.

Gee jousef – alles wat jy het, alles wat jy beplan, alles waarvoor jy droom, maar ook alles wat jou ontstel en wat jou bekommer – gee jousef geheel en al aan God. Nie soos jy wil en soveel as waarvoor jy kans sien nie, maar soos Hy wil en in sy Woord bekendmaak – álles, en onmiddellik.

Sing: Psalm 116-1:9, 10

Ds. AJ Burger (Andries) (Pinetown)